

Verbondsvoorskou



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Génesis 9:15; Jesaja 54:9; Génesis 12:1–3, Galásiërs 3:6–9, 29; Exodus 6:1–8; Jeremia 31:33, 34.

Geheueteks:

“As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne.” (*Exodus 19:5*).

Verlede week se studie het geëindig met die sondeval van die mens wat die gevolg van ons eerste ouers se sonde was. Hierdie week se les is ‘n kort opsomming van die hele kwartaal se lesse. Ons gaan elke dag na een van die vroeë verbonde kyk wat elkeen op sy eie manier die teenswoordige waarheid van die ware verbond openbaar, wat deur die bloed van Jesus op Gólgota bekragtig was, die een wat ons as Christene met ons Here sluit. Ons begin met die verbond wat God met Noag gesluit het om hom en sy gesin van uitwissing te red. Dan volg die verbond met Abraham, so kosbaar met ‘n belofte vir ons almal; daarna die verbond by Sinai en die belangrikheid van wat daar aangekondig was; en laastens die nuwe verbond, die een waarna al die ander vooruitgewys het. Almal hierdie sal natuurlik meer in diepte gedurende die volgende paar weke bestudeer word. Hierdie week sal net ‘n kort voorafbesigtiging wees.

Hierdie week met die eerste oogopslag: Wat beteken die woord “verbond”? Waaruit word ‘n verbond saamgestel? Waaruit het die verbond wat God met Noag gesluit het, bestaan? Watter hoop het die verbond met Abraham ingesluit? Watter rol speel geloof en werke van die mens se kant af in die verbond? Is die verbond net ‘n transaksie of sluit dit ‘n verhoudingsaspek in? Wat is die kern van die “nuwe verbond”?

* Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 10 April.

Grondbeginsels van die verbond

“En Ek wil my verbond sluit tussen My en jou, en jou buitengewoon vermeerder.” (*Génesis 17:2*). “Die Hebreuse woord wat as ‘verbond’ vertaal word (en ongeveer 287 keer in die Ou Testament verskyn), is *berith*. Dit kan ook as ‘testament’ of ‘laaste wil’ vertaal word. Die oorsprong daarvan is onbekend, maar die betekenis daarvan het bekend geword as ‘dit wat twee partye saambind’. Dit was egter vir baie verskillende tipes ‘ooreenkomste’ gebruik, beide tussen mens en mens, en tussen mens en God. Dit het ‘n algemene gebruik gehad wanneer beide die partye mense was, en ‘n kenmerkende godsdienstige gebruik wanneer die verbond tussen God en mens was. Die godsdienstige gebruik was eintlik ‘n metafoor wat op die algemene gebruik gegrond was, maar met ‘n dieper gevoelswaarde [betekenis].” — J. Arthur Thompson, “Covenant (OT),” *The International Standard Bible Encyclopedia*, hersiene uitgawe (Grand Rapids, MI: William B. Eerdmans Publishing Company, 1979), vol. 1, bl. 790, (vry vertaal).

Net soos die huweliksverbond, sluit die bybelse verbond beide ‘n verhouding en ‘n ooreenkoms in. Wat die ooreenkoms betref, het die bybelse verbond die volgende basiese elemente:

1. God het die beloftes van die verbond met ‘n eed bekragtig (*Galásiërs 3:16; Hebreërs 6:13, 17*).
2. Die verpligte gedeelte van die verbond was gehoorsaamheid aan God se wil soos in die Tien Gebooe uitgedruk (*Deuteronomium 4:13*).
3. Die wyse waardeur God se verbondsverpligting uiteindelik nagekom word, is deur Christus en deur middel van die plan van verlossing (*Jesaja 42:1, 6*).

Kyk na die drie elemente hierbo (God se beloftes, ons gehoorsaamheid, en die plan van verlossing). Hoe sien jy hierdie faktore in jou eie wandel met die HERE aan die werk? Skryf ‘n paragraaf oor hoe dit nou in jou lewe tot uiting kom.

In die Ou Testament was die mense deur middel van die offerdiensipes geleer om die ganse plan van verlossing te verstaan. Deur hierdie simbole het die patriarge en Israel geleer om in die koms van die Verlosser te glo. Deur die seremonies kon die berouvolle sondaar vergifnis vir sonde en bevryding van skuldgevoelens verkry. Die seëninge van die verbond kon dus behou word, en geestelike groei – om die beeld van God in die lewe te herstel — kon daardeur voortduur, selfs wanneer die mens gefaal het om hulle kant van die ooreenkoms na te kom.

Alhoewel daar steeds verbonde tussen mense aangegaan word, het die hoofgebruik van die woord *berith* in die Hebreuse Bybel te doen met die verhouding tussen God en die mens. As ons daaraan dink wie God is en wie ons in vergelyking met Hom is, watter tipe verhouding sou so ‘n verbond uitbeeld?

Die verbond met Noag

“Maar met jou sal Ek my verbond oprig; jy moet in die ark gaan, jy en jou seuns en jou vrou en die vroue van jou seuns saam met jou” (*Génesis 6:18*).

In die bogenoemde versie verskyn die woord verbond vir die eerste keer in die Bybel, en in hierdie konteks, het God so pas aan Noag van sy besluit vertel om die aarde te vernietig weens die massiewe en aanhoudende toename van sonde. Alhoewel die vernietiging deur 'n wêreldwye vloed gaan plaasvind, is dit nie God se plan om die wêreld te verwerp nie. Hy gaan voort om die aanvanklike verbondsverhouding wat na die sondeval aangebied was, weer voor te stel. Die Goddelike “Ek” wat die verbond aanbied, is self die waarborg vir Noag se sekuriteit. As verbondshouer-God belowe die Here om die gesin wat gewillig is om in 'n toewydingsverhouding met Hom te leef, te beskerm, en die resultaat is gehoorsaamheid.

Was die verbond met Noag net eensydig? Onthou dat die betekenis van 'n verbond meer as een party impliseer. Moes Noag sy kant van die ooreenkoms nakom? Watter les is daar vir ons in die antwoord op hierdie vrae?

God sê aan Noag dat daar 'n vloed aan die kom is en dat die wêreld vernietig gaan word. Maar, God gaan 'n ooreenkoms aan met hom waarin Hy belowe om Noag en sy gesin te red. Dus is die prys baie hoog, want indien God nie sy kant van die belofte nakom nie, dan gaan Noag, maak nie saak wat hy probeer doen nie, saam met die res van die wêreld uitgewis word. God het gesê dat Hy 'n “verbond” met Noag sou aangaan. Die woord self impliseer 'n voorneme om na te kom wat jy sê jy gaan doen. Dit is nie net een of ander wispelturige verklaring nie. Die woord is met verpligting gelaai. Veronderstel die Here het aan Noag gesê, “Neem kennis, die wêreld gaan tot n einde kom deur 'n verskriklike oorstroming, en Ek mag jou dalk red, of dalk nie. Intussen moet jy dit doen en dat doen, en dan sal ons sien wat gaan gebeur, maar ek waarborg niks nie.” Sulke verklarings stem nie ooreen met die die tipe versekering en belofte wat die woord verbond inhou nie.

Sommige mense het al geredeneer dat Noag se vloed nie wêreldwyd was nie, maar net 'n plaaslike oorstroming. Indien dit so was, dan, in die konteks van wat God in Génesis 9:15 belowe (*lees ook Jesaja 54:9*), elke keer wanneer 'n ander plaaslike vloed plaasvind (en dit blyk dat dit gedurigdeur gebeur), God se verbondsbelofte verbreek word. In teenstelling hiermee, die feit dat daar nog nie weer 'n ander wêreldwye vloed was nie, bewys die geldigheid van God se verbondsbelofte. Kortom, wat vertel dit ons oor hoe ons op Sy beloftes kan staatmaak?

Die Abramverbond

“En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.” (Génesis 12:3). Lees Génesis 12:1–3. Maak ‘n lys van die spesifieke beloftes wat God aan Abram gemaak het.

Let op dat een van die beloftes wat God aan Abram maak, sê dat “in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word” (*Génesis 12:3*). Wat beteken dit? Hoe was al die geslagte van die aarde in Abram geseën? Lees Galásiërs 3:6–9. Hoe kan jy in hierdie aanvanklike belofte die belofte van Jesus as Messias bespeur? Lees Galásiërs 3:29.

In hierdie, die eerste goddelike openbaring aan Abram wat neergepen was, het God belowe om ‘n blywende verhouding met hom te begin, selfs nog voor Hy enige verbondstaal gebruik het. Direkte verwysings na die verbond wat God sou sluit, word later genoem (*Génesis 15:4–21*, *Génesis 17:1–14*). Op hierdie tydstip bied God ‘n baie belangrike Godmensverhouding aan. Die herhaling van “Ek sal” in *Génesis 12:1–3* dui die diepte en grootheid van God se aanbod en belofte aan.

Daarby ontvang Abram ‘n enkele bevel wat hom toets, “Gaan jy uit jou land ...” Hy het deur geloof gehoorsaam (*Hebreërs 11:8*), nie om die beloofde seëninge te ontvang nie. Sy gehoorsaamheid was sy gelowige reaksie op die liefdevolle verhouding wat God begeer het om met hom te sluit. Met ander woorde, Abram het reeds in God geglo, reeds op God vertrou, reeds God se beloftes geglo. Hy moes dit doen; anders sou hy nooit sy familie en geboorteland verlaat het om die vreemde in na onbekende plekke te gaan nie. Sy gehoorsaamheid het sy geloof aan beide die mens en aan engele geopenbaar.

Abram het toe reeds die kern van die verhouding tussen geloof en werke geopenbaar. Ons word deur geloof gered, ‘n geloof wat werke van gehoorsaamheid tot gevolg het. Die belofte van verlossing kom eerste; daarna volg die werke. Alhoewel daar geen verbondsgemeenskap en geen seëninge sonder gehoorsaamheid kan wees nie, is gehoorsaamheid die reaksie op geloof in wat God alreeds gedoen het. Sulke geloof illustreer die beginsel in I Johannes 4:19, “Ons het Hom [God] lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het.”

Lees Génesis 15:6. Hoe toon dit, op baie maniere, die grondbeginsel van alle verbondsbeloftes? Hoekom is hierdie seëning die kosbaarste een van almal?

Die verbond met Moses

Lees Exodus 6:1–8 en beantwoord dan die volgende vrae:

1. Watter verbond het Hy na verwys? Lees Génesis 12:1–3.

2. Hoe het die Uttog, van God se kant af, die verbondsbeloftes vervul?

3. Wat is die ooreenkoms tussen wat God die mense in hierdie geval beloop het, en wat Hy Noag voor die vloed beloop het?

Na die Uttog het die kinders van Israel die verbond by Sinai in die konteks van verlossing uit slawerny ontvang, en wat God se offerandestelsel vir versoening en vir die vergifnis van sonde bevat het (*Exodus 20:2*). Dit was dus, soos al die ander, ‘n genadeverbond, God se uitgebreide genade aan sy volk. Hierdie verbond het, op baie maniere, die hoofsaak van die verbond met Abraham herhaal:

1. God se spesiale verwantskap met sy volk (*vergelyk Génesis 17:7, 8 met Exodus 19:5, 6*).
2. Hulle sou ‘n groot nasie wees (*vergelyk Génesis 12:2 met Exodus 19:6*).
3. Gehoorsaamheid was ‘n vereiste (*vergelyk Génesis 17:9–14 en Génesis 22:16–18 met Exodus 19:5*).

“Let op na die volgorde hier: eers red die HERE vir Israel, dan gee Hy sy wet aan hulle. Dieselfde volgorde geld vir die evangelie. Christus red ons eers uit sonde (sien Johannes 1:29; I Korintiërs 15:3; Galásiërs 1:4), dan leef Hy sy wet uit in ons (*Galásiërs 2:20; Romeine 4:25; 8:1–3; I Petrus 2:24*).” – *The SDA Bible Commentary*, vol. 1, bl. 602, (vry vertaal).

Lees Exodus 6:6. Wat is die een ding wat in die eerste deel van hierdie vers deurskemer, waar die Here sê dat hulle sy volk sal wees en Hy hulle God? Let op na die kragtige volgorde hier. Hulle sal spesiaal vir God wees, en God sal spesiaal vir hulle wees. God wil nie net op ‘n spesiale manier met hulle verkeer nie; Hy wil hê hulle moet ook ‘n spesiale band met Hom hê. Wil die Here nie graag dieselfde verhouding met ons vandag hê nie? Weerspieël daardie eerste gedeelte van Exodus 6:6 jou verhouding met die Here, of is jou naam net op die kerkboeke? Indien jou antwoord op die eerste deel van hierdie vraag *Ja* is, gee redes hoekom dit so is.

Die nuwe verbond (*Jeremia 31:31–33*)

In hierdie skrifgedeeltes verwys die Ou Testament vir die eerste maal na wat die “nuwe verbond” genoem word. Dit is onderling verbind met Israel se terugkeer uit ballingskap, en vertel van die seëninge wat hulle van God sal ontvang. Hier weer, soos met al die ander, is dit God wat die verbond inisieer, en dit is Hy wat dit deur sy genade sal volbring. Let ook op na die taalgebruik hier. In die Afrikaanse Ou Vertaling verwys God na Homself as ‘n “gebieder oor hulle”, maar in die Engelse Bybelvertalings word dit as ‘n “man” (husband), vertaal; dan sê God ook dat Hy sy wet op hulle harte sal skryf; en deur die taalgebruik van die verbond met Abraham sê Hy dat Hy hulle God sal wees, en hulle vir Hom ‘n volk sal wees. Dus, soos voorheen, is die verbond nie net sommer ‘n wettige ooreenkoms soos deur die hedendaagse howe onderskryf word nie, maar is dit iets baie meer.

Lees Jeremia 31:33. Vergelyk dit met Exodus 6:6 wat gedeeltelik besonderhede van die verbond met Israel bevat. Weer word daar gevra, wat is die kern van die groter geheel wat hier deurskemer? Wat wil God vir sy volk hê?

Lees Jeremia 31:34. Vergelyk dit met wat in Johannes 17:3 gesê word. Wat is die belangrike ding wat die Here doen wat die fondament van hierdie verhouding vorm?

Net soos in die vroeëre verbonde kan daar ook in Jeremia 31:31–34 die beginsels (grondslag) van beide genade en gehoorsaamheid gesien word. God sal hulle sondes vergewe, God sal in ‘n verhouding met hulle tree, en God sal sy genade in hulle lewens uitstort. Die resultaat is dat die volk Hom doodeenvoudig gehoorsaam; nie deur gewoonte of roetine, of sonder om te dink nie, maar suiwer omdat hulle Hom ken, omdat hulle Hom liefhet, en omdat hulle Hom graag wil dien. Hierdie is die kern van die verbondsverhouding wat die Here met sy volk wil hê.

Hoe verstaan jy hierdie gedagte van die wet wat op die harte geskryf word? Impliseer dit dat die wet subjektief en persoonlik word, iets wat geïnterpreteer en toegepas moet word volgens die individuele toestand van ons harte? Of beteken dit iets anders? Indien dit iets anders is, wat is dit dan?

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White, “Abraham in Kanaän,” bl. 132–138, in *Patriarge en Profete*; en “The Prophets of God Helping Them,” bl. 569–571, in *Prophets and Kings*. “Die juk wat ons vir diens inspan, is die wet van God. Die groot liefdeswet wat in Eden geopenbaar is, vanaf Sinai afgekondig is en in die nuwe verbond op die hart geskryf word, is wat die menslike arbeider aan die wil van God inspan. As ons aan ons eie begeertes oorgelaat moes word, om te volg waar ons wil ons heen lei, sou ons in die Satan se geledere beland en sy hoedanighede ontvang. Daarom bind God ons aan sy wil, wat hoog en edel en verheffend is. Hy wil hê ons moet ons diensplig geduldig en verstandig opneem. Christus het self die juk van diens as mens gedra. Hy het gesê: ‘Ek het lus, o my God, om u welbehae te doen, en u wet is binne-in my ingewande’ (Psalm 40:9). ‘Ek het uit die hemel neergedaal, nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het’ Johannes 6:38. Liefde vir God, ywer vir Sy heerlikheid en liefde vir die gevalle mensdom, het Jesus na die aarde geroep om te kom ly en sterf. Dit was die beheersende krag van Sy lewe. Hy nooi u om hierdie beginsel te aanvaar.” —Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 329, 330.

Vrae vir bespreking:

- 1. Was God se verbond met Noag, Abram, Moses, en ons ‘n voortsetting van sy verbond met Adam, of was dit iets nuuts? Vergelyk Génesis 3:15; Génesis 22:18; en Galásiërs 3:8, 16.**
- 2. Hoekom is die persoonlike verhoudingsaspek van die verbond so belangrik? Met ander woorde, jy kan ‘n bindende wetlike ooreenkoms, ‘n “verbond” met iemand aangaan sonder enige naby, persoonlike wisselwerking. Daardie soort ooreenkoms is egter nie wat die Here in sy verbondsverhouding met sy volk wil hê nie. Hoekom is dit so? Bespreek.**
- 3. Daar is ‘n gedeeltelike ooreenkoms tussen die huwelik en die verbond. Op watter maniere is dit ‘n goeie ooreenkoms? Op watter maniere kom hierdie ooreenkoms kort wanneer die verbond beskryf word?**

Opsomming: Met die begin van sonde het die verhouding wat die Skepper oorspronklik met die mens tot stand gebring het, verbreek. Nou streef God daarna om daardie selfde liefdevolle verhouding deur middel van ‘n verbond te herstel. Hierdie verbond dui aan dat God Homself daaraan toewy om met ons ‘n ooreenkoms te sluit (net soos ‘n huweliksverbond) om ons te red en ons met ons Maker te versoen. God wat deur sy groot liefde vir ons gemotiveer word, is die een wat die verbondsverhouding begin. Deur beloftes en handeling wat met genade gevul is, nooi Hy ons om een met Hom te word.